THE RETURN
Suid-Afrika

“Bekeer… Draai terug… Herlewing…”

Kom terug na My met julle hele hart…
Joël 2:12,13

Oproep tot die Kerk in Suid-Afrika vir 10 Dae van Gebed en Terugdraai na God

18-28 September 2020

Nasionale dag van Gebed en Verootmoedig

26 September 2020

Gebedsgids

Saamgestel deur IFSA (Intercessors for South Africa)

Die "The Return – Suid-Afrika!" 2020 Inisiatief

Die Uitnodiging van Jonathan Cahn

Jonathan Cahn het 'n oproep gemaak vir 'n Amerikaanse *Nasionale Dag van Gebed en Terugkeer na God* gedurende September 2020. In sy video boodskap doen Jonathan Cahn 'n ernstige oproep tot gelowiges in die VSA om 'n daadwerklike poging aan te wend om tyd te spandeer in gebed en terug te keer na God. Hy beskryf hoe boosheid en rebellie teen God hand oor hand toeneem in baie gemeenskappe. Hy noem dat baie van die waarskuwings van oordeel gedurende die afgelope jare nou prakties gesien word in Amerika, en dat die enigste manier hoe oordeel en ondergang vermy kan word, is wanneer mense terugdraai na God toe. Hy glo dat God 'n "seisoen" gee waar daar geleentheid is vir mense om hul tot Hom te bekeer. Herlewing is onmoontlik sonder bekering. Hy glo dat die kerk in die VSA hierdie geleentheid moet gebruik.

Leiers van verskillende gebedsnetwerke in Suid Afrika het aanklank gevind by hierdie oproep en voel dat dit nodig is vir 'n soortgelyke inisiatief om ook in Suid-Afrika geloods te word. Die voorstel is bespreek en na weke van gebed en konsultasie is besluit om 'n Suid-Afrikaanse inisiatief vir gebed, verootmoediging en terugdraai na God in dieselfde periode te loods.

'n Groep leraars het, onafhanklik van die gebedsnetwerke, ook op hierdie oproep tot bekering en verootmoediging gereageer en begin om plaaslike gemeentes te mobiliseer vir 'n **Nasionale Dag van Gebed en Terugdraai na God** op Saterdag, 26 September 2020. Hierdie twee groepe werk nou saam aan die inisiatief: "**The Return - Suid-Afrika".**

Wat is "The Return - Suid-Afrika"?

"The Return" is 'n oproep tot bekering, om "jouself te verootmoedig en weg te draai van jou verkeerde weë"; om persoonlik en gesamentlik met 'n diepe berou en bekering na God te kom; om voorbidding te doen vir ons land – vir genade, verlossing, genesing, herlewing, herstel en die vervulling van God se plan met ons land en met elkeen wat binne ons landsgrense woon.

Hoekom?

Suid-Afrika het grootliks weggedwaal van God se weë. Die Bybel sê dat geregtigheid 'n land ophef, maar dat sonde 'n skande is vir enige volk en dat onreg tot oordeel lei. Die Bybel is duidelik dat God 'n God van liefde en genade is, en dat almal wat Hom om genade smeek, dit sal ontvang (Hos.10:12). Met bekering en terugkeer kom vergifnis, verlossing, genesing, herlewing en herstel (2 Kor.7:10). Dit is op grond hiervan dat die belofte in 2 Kronieke 7:14 gegee word: "en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel."

Wanneer?

Tien dae van gebed en vas:	**19-28 September 2020.**
'n Nasionale Dag van Gebed en Bekering:	**26 September 2020.**

Die Doel van die 10 Dae van gebed is:

- Ondersoek en skeur ons harte… (Bely en bekeer)
- Hanteer wrokke... (Vergewe en word vergewe)
- Draai na Jesus … (Gryp Sy liefde aan)

(Gebedsgids in Engels beskikbaar op www.thereturnsa.org. Gebedsgidse in Afrikaans, Xhosa, Sotho en Sepedi beskikbaar op www.jwipn.com)

Ons vra dat gebedsnetwerke, gemeentes en individue die volgende oorweeg:

- **Individuele Gebed en Vas**
- **Nag-en-Dag Gebed**
- **Daaglikse Gemeenskaplike Gebedsbyeenkomste (fisies of aanlyn)**

Hoe om die gebedsriglyne te gebruik

Individue kan die daaglikse riglyne in persoonlike tye van gebed gebruik. Ons stel voor dat jy genoeg tyd opsy sit om die Heilige Gees toe te laat om aan jou te openbaar wat die dinge is wat God in jou eie lewe wil aanspreek. Ons vra dat jy die Skrifte wat aangehaal word sal lees en genoeg tyd sal gebruik vir selfondersoek in reaksie op die vrae wat gevra word, voordat jy dit bely en terug draai na God toe.

Gebedsgroepe: Ons wil sterk aanbeveel dat groepe Christene bymekaar sal kom om hulle voor God te verootmoedig. In sulke gebedsbyeenkomste kan ons saam luister en saam hoor wat God deur die Heilige Gees vir ons wil sê. In hierdie groepe kan ons mekaar bemoedig en saam luister. Daar is groot versterking en bemoediging wanneer Christene so saamkom en eendragtig voor God kom staan. Gelowiges kan op ‘n daaglikse basis fisies saamkom vir die 10-dae periode, of op aanlyn platforms soos *WhatsApp, Zoom of Teams* saam bid. Ons stel voor dat die verskillende Skrifgedeeltes bv. hardop gelees word en dat die groep dan op die vrae wat gestel word reageer.

Nag-en-Dag Gebed. Gebedsnetwerke, kerklike broederskappe, individuele gemeentes en groepe, kan elkeen een of meer dae neem om 24 uur per dag vir 10 dae te bid, met nag-en-dag gebed. Skep bv. jou eie 24/7 Whatsapp Groep: https://tinyurl.com/y2nlkwnn

Gemeenskaplike kerkbyeenkomste (fisies of aanlyn) kan geskep word in ‘n gemeenskap, dorp of stad om oor spesifieke sake in die gemeenskap, bevolkingsgroep of provinsie te bid.

Dit gaan oor ons harte

Ware bekering is nie ‘n meganiese aksie of ‘n herhaling van godsdienstige gebede nie. Dit gaan nie oor leë woorde of gebedsversoeke nie. ‘n Terugkeer na God benodig egte sonde oortuiging.

Die profeet Joël is baie duidelik in sy appèl dat mense na God sal terugkeer: **Joël 2:12-13** *Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! [13] Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep.*

Ons het nodig om met ons eie harte gekonfronteer te word. Hierdie 10 dae van gebed is nie om te bid vir sake in ons land of vir ander mense se sondes nie. Hierdie riglyne is opgestel om ons spesifiek te help om na onsself te kyk, en ons oor ons eie sonde en verkeerde optredes te verootmoedig. Ons het God bedroef en ons het ‘n hartsverandering nodig. Ons het God opnuut nodig.

Mag die Heilige Gees met jou praat en jou help om met ‘n opregte hart en egte nederigheid te reageer oor jou eie sonde. Neem ’n besluit om jou lewe te verander oor elke ding wat die Heilige Gees vir jou uitwys. Mag jy toeneem in heiligmaking. Mag jy deur die krag en werking van die Heilige Gees ‘n persoonlike herlewing beleef.

(*Alle skrif aanhalings is uit die 1983 Afrikaanse Vertaling*)

WOORD WAG: 18 September 2020. 18:00-24:00

Begin die 10-dae van gebed op 18 September met ‘n **Woord Wag** (Lees van die Woord en Aanbidding) van ses ure ter voorbereiding van ons harte. Persone wat deelneem aan ‘n **24-uur gebedswag** begin om middernag (00:00) van 19 September 2020 tot middernag (24:00) op 28 September 2020. Hier is ‘n paar Skrifgedeeltes wat gebruik kan word.

BEKERING: Matteus 3:1-2, 8. Markus 1:14-15. Lukas 24:46-49. Handelinge 2:38. Handelinge.3:19. Handelinge.17:30-31. Romeine 2:4-8. 2 Korintiërs 7:9-11. 2 Timoteus 2:24-26. 2 Petrus 3:9-12. 1 Johannes 1. Openbaring 2:5. Openbaring 3:3, 19.

HEILIGE GEES: Lukas 3:16-17. Lukas 11:13. Johannes 14, 15, 16. Handelinge 1:5-8. Handelinge 2:1-21. Handelinge 4:31. Romeine 8. Romeine 15:13-19. 1 Korintiërs 2:10-14. 2 Korintiërs 3:17-18. Titus 3:4-7.

AANBIDDING UIT DIE PSALMS: Psalm 8, 19, 29, 45, 84, 97, 110, 145, 147, 150.

AANBIDDING UIT DIE BOEK VAN OPENBARING: Openbaring 1:10-18. Openbaring 4, 5. Openbaring 15:2-4. Openbaring 19:11-16.

DAG 1. 19 September 2020.

Bekering: Bedroef, weerstaan en uitblus van die Heilige Gees.

Efesiërs 4:30 *En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die dag van verlossing.*

Die Heilige Gees word bedroef en uitgeblus wanneer ons sê dat ons Christene is, maar nie lewe tot eer van God nie. Ons bedroef die Heilige Gees deur leuens, oneerlikheid, woede, begeerte om wraak te neem, diefstal, ander mense te haat, vuil taal, verbale mishandeling, te vloek en ander mense slegsê, te kla, te murmureer en onwilligheid om ander mense te vergewe. Ons bedroef ook die Heilige Gees as ons betrokke is by enigiets wat deur God gehaat word soos seksuele onreinheid, twyfelagtige seksuele praktyke, afgodsdiens, toordery, gierigheid en bloedvergieting van enige aard. Ons weerstaan die Heilige Gees wanneer ons die waarheid van die Woord betwyfel, die Bybel interpreteer om ons eie agendas te ondersteun, en wanneer ons onwillig is om God se Woord te gehoorsaam. Ons blus die Heilige Gees wanneer ons nie meer teenoor ander mense getuig oor Jesus nie.

Bekeer... Draai terug... Herlewing...
Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Skrifgedeeltes:
Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar – wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

Efesiërs 4:20-32; Handelinge 7:51; Hebreërs 3:7-13; Jeremia 17:9-10; Matteus 24:9-13.

Persoonlik: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees eerlik met jouself.

Het jy op enige wyse die Heilige Gees bedroef? Kan jy waarlik sê dat jy volgens die waarheid van God se Woord leef of soek jy skuiwergate in die Skrif sodat jy jou sonde kan regverdig? Is jy dankbaar of kla en murmureer jy gedurig? Getuig jy van Jesus teenoor ander? Buig in nederigheid voor God en vra Hom om jou te vergewe dat jy die Heilige Gees bedroef, blus en weerstaan. Vra dat Hy jou reinig met die bloed van Jesus en herstel in volle gemeenskap met Hom. Besluit met jou hart en verstand om doelbewus weg te draai van alle praktyke in jou lewe wat die Heilige Gees bedroef.

Liggaam van Christus: Die Liggaam van Christus is een. As die een lid sondig word die hele Liggaam onrein. Identifiseer jouself met die groter Liggaam van Christus in Suid-Afrika wanneer jy bid.

Vra die Heilige Gees om vir jou te wys op watter wyses die Kerk in Suid-Afrika God onteer, deur die Heilige Gees te bedroef, uit te blus en te weerstaan. Buig voor God in nederigheid en vra Hom om ons as Kerk te vergewe en te reinig (moenie ander denominasies, groepe of mense beskuldig nie). Smeek Hom om sy Gees op ons as Kerk uit te stort sodat ons kan terugdraai van ons verkeerde weë. Vra God om ons te heilig en te bekragtig sodat ons Jesus se Naam kan verheerlik.

Landswyd: Op watter wyses onteer Suid-Afrikaners God? Vra die Here om jou Sy hart en Sy wil vir Suid-Afrika te wys. Is jy gewillig om in gebed in die bres te tree vir Suid-Afrika, in stede daarvan om ander te kritiseer en te beskuldig? Is jy gewillig om uit te reik na enige persoon in Suid-Afrika, hulle

van Jesus te vertel en na Christus te bring? Vra God om jou te reinig sodat jy met ‘n rein hart kan bid vir ons land. Bid dat God sy Gees op Suid-Afrika uitstort, om Suid-Afrikaners van sonde te oortuig sodat hulle hul kan bekeer.

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *Hosea 2:14 Wanneer ons daar is, sal Ek weer vir haar wingerde gee, Ek sal die Akorlaagte ‘n poort na ‘n nuwe toekoms maak. Dan sal sy weer my liefde beantwoord soos toe sy jonk was, soos toe sy uit Egipte getrek het.*
- **Genesing**: *Maléagi 4:2 Maar vir julle wat eerbied het vir my Naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale. Julle sal vry word en bokspring soos vetgemaakte kalwers.*
- **Herstel**: *Esegiël 36:25-27 Ek sal reinigings water oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. [26] Ek sal julle ‘n nuwe hart en ‘n nuwe gees gee, Ek sal die klip hart uit julle liggaam uithaal en julle ‘n hart van vleis gee. [27] Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.*

DAG 2. 20 September 2020.

Bekering van sondige, vleeslike en onheilige lewens; benodig vervulling en beheer van die Heilige Gees

Romeine 8:5-9 *Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. [6] Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. [7] Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. [8] Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie. [9] Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.*

Iemand word 'n Christen wanneer die Heilige Gees wedergeboorte in sy hart werk. 'n Christen is dus iemand wat deur die Heilige Gees 'n nuwe hart en 'n nuwe gees ontvang het; bewoon deur die Heilige Gees. Sy taak is om ons harte en verstand te vernuwe sodat Christus in ons gestalte vind. Ons vorige ongeredde manier van dink en optree behaag God glad nie, en maak dat Hy ons weerstaan. Dan het ons geen geestelike krag om koninkrykswerk te doen nie, en ons gebede bly onbeantwoord. Ons moet ons harte ernstig ondersoek om te sien of ons werklik in die Gees lewe.

Bekeer... Draai terug… Herlewing…

Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Skrifgedeeltes:

Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar. Laat toe dat hierdie woorde jou hart oortuig en wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

Romeine 8:5-9; 1Korintiërs 3:1-3; Galasiërs 5:19-21; 1Petrus 1:14-15; 1Petrus 2:11-12;

Persoonlik: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees geweldig eerlik met jouself.

Leef jy 'n heilige lewe? Is jy afgesonder vir God alleen? Wandel jy waarlik in die Gees of tree jy steeds in die vlees op? Veg jy gedurig teen jouself omdat jy begeer om in die Gees te wandel, maar misluk telkens? Wend jy 'n ernstige poging aan om gehoorsaam te wees aan die Gees van God? Vra jy die daagliks Heilige Gees om jou te help om jou sondige natuur te oorwin? Buig laag in nederigheid voor God met berou daaroor dat jy die ou sondige natuur toelaat om oor jou te heers, en soms onwillig is om die begeertes van die vlees te laat staan. Vra Hom om jou te heilig met die Woord van God en die Bloed van Jesus, deur die werking van die Heilige Gees.

Liggaam van Christus: Lees weer die bogenoemde Skrifgedeeltes en identifiseer in gebed met die Liggaam van Christus. Wandel die Liggaam van Christus in Suid-Afrika in die Gees of in die vlees? Bely jou eie denominasie en die groter kerk se wandel in die vlees, en dat ons nie 'n voorbeeld van heiligmaking is vir die ongeredde mense in ons land nie. Vra ons Vader God om Sy Gees op die Kerk uit te stort, om ons as lidmate en die geestelike leiers te oortuig van sonde. Bid dat God ons genadig

sal wees en help dat ons as Liggaam van Christus in Suid-Afrika tot inkeer sal kom, terugdraai na God en heilig sal lewe.

Landswyd: Lees weer bogenoemde Skrifgedeeltes en neem tyd om namens ons land in die bres te tree. Dit is vir ongeredde mense onmoontlik om in die Gees te lewe. Vra vergifnis dat die Kerk so traag is om die Evangelie aan mense te bedien. Bid die Here van die Oes om werkers (sendelinge en evangeliste) uit te stuur na elke gemeenskap in Suid-Afrika; om hulle oë oop te maak, sodat hulle van duisternis na lig kan draai, en van die krag van Satan na God. Dat hulle vergifnis van sonde kan ontvang en deel verkry aan die erfenis van diegene wat in geloof in Jesus Christus geheilig word. (*Handelinge 26:18*)

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *Romeine 15:13aMag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!*
- **Genesing**: *Jakobus 5:16 Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.*
- **Herstel**: *Jeremia 33:9 Dit sal my Naam groot maak en aan My blydskap verskaf, aan My lof en eer gee voor al die nasies van die aarde wanneer hulle hoor van al die goeie wat Ek vir my volk gedoen het. Die nasies sal bang wees en My dien oor al die goeie wat Ek doen en oor die vrede wat Ek vir Jerusalem gee.*

DAG 3. 21 September 2020.

Bekering van ons laksheid oor sonde, ons kompromie en verdraagsaamheid van sonde, ons verslawing aan sonde.

Openbaring 3:14-19 *Skrywe aan die leraar van die gemeente in Laodicea: So sê die Amen, die geloofwaardige en ware getuie, Hy deur wie God alles geskep het: [15] Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! [16] Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg. [17] Julle sê: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie," en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal. [18] Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien. [19] Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle.*

Sonde is werklik. Sonde sny ons af van God en die lewe wat Hy gee. Die gevolge van sonde is bindinge, onreinheid en demoniese invloed in ons lewens en in ons gemeenskappe. Kortliks, sonde bring dood. Ons kan nie die straf vir sonde ontduik nie. Ons moet ons optrede verander en in geregtigheid wandel soos wat God ons beveel, sodat ons lewe mag hê. Ons moet ons denke verander en saamstem oor God se standaarde vir ware lewe.

Bekeer... Draai terug… Herlewing…
Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Skrifgedeeltes:
Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar. Laat toe dat hierdie woorde jou hart oortuig en wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

Openbaring 3:14-19; Hebreërs 3:12-14; Hebreërs 12:1-5; Jakobus 4:4-8; 2 Korintiërs 6:14-18; Romeine 6:12-16.

Persoonlik: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees geweldig eerlik met jouself.

Laat jy sondige gedrag in jou lewe toe en probeer jy jouself oortuig dat jy dit nie hoef aan te spreek nie? Kies jy wat jy uit die Woord van God wil glo, en gebruik jy humanistiese en wêreldse redenasies sodat jy steeds volgens jou voorkeure kan lewe? Kyk baie eerlik na jou lewe en laat die Heilige Gees toe om jou te wys waar jy sonde toegelaat het. Vra God om jou te vergewe dat jy toelaat dat sonde oor jou heers. Wees spesifiek. Bely elke kompromie en konfronteer hierdie sake in jou lewe en verander dit.

Liggaam van Christus: Lees weer die bogenoemde Skrifgedeeltes en identifiseer in gebed met die Liggaam van Christus. Preek die Kerk die waarheid oor God se siening van sonde? Op watter wyses het ons lou geword en wêreldse gedrag toegelaat? Vra dat God ons as leraars en lidmate sal vergewe dat ons nie sonde in ons gemeentes konfronteer nie. Bid dat die vrees van God sal terugkeer, en dat Christene hulle sal bekeer van bose en sondige leefwyses.

Landswyd: Lees weer bogenoemde Skrifgedeeltes en neem tyd om namens ons land in die bres te tree. Ons moderne samelewing glo nie aan die konsep van sonde nie. Ons skep ons eie definisies van waarheid – soos bv. Die groot klem op menseregte. Dit bemagtig en bevorder dikwels sondige en skadelike gedrag. Watter sondes word in ons land geregverdig en bevorder? Vra God om ons te vergewe dat ons hierdie dinge wat Hy haat, toelaat en omhels. Bid dat God sy Heilige Gees op Suid-Afrika sal uitstort om Suid-Afrikaners te oortuig van sonde sodat hulle kan terugkeer na regverdige lewens.

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *Spreuke 10:28 Vir die regverdiges lê daar vreugde voor; die goddeloses het geen toekoms nie.*
- **Genesing**: *Matteus 10:8 Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.*
- **Herstel**: *Handelinge 3:19-21 Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis. [20] En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom en sal Hy Jesus stuur, wat vooraf vir julle as die Christus aangewys is. [21] Hy moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het. Dit het God reeds lank gelede deur sy heilige profete gesê.*

DAG 4. 22 September 2020.

Bekering van onvergifnis, bitterheid, onwilligheid om ons harte van aanstoot te reinig.

Matteus 18:21-35 Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?" [22] Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer. [23] Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. [24] Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het. [25] Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word. [26] Die man het voor hom neergeval en gesoebat: 'Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.' [27] Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf. [28] Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: 'Betaal wat jy skuld!' [29] Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: 'Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.' [30] Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het. [31] Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel. [32] Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: 'Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. [33] Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?' [34] Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het. [35] So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."

Onvergewensgesindheid is 'n volgehoue onwilligheid om mense wat ons seergemaak het of teen ons gesondig het, te vergewe. Ons wil eerder sien dat mense gepynig word en dat wraak geneem word, as om sulke persone te vergewe en vry te spreek. Die Woord van God beveel ons egter om mense te vergewe, omdat God ons vergewe het. Aanstoot is aan die ander kant 'n vleeslike reaksie op die woorde en optrede van ander mense – wat voortspruit uit 'n veronderstelling dat mense ons beledig of kwaad aangedoen het. Dit maak dat ons mense en groepe verraai en vervloek, en dit vernietig ons verhouding met hulle. (*Matt.24:10*) As ons dit nie hanteer nie, dan ontwikkel dit in haat. Hierdie gedrag in ons lewens moet gereinig word!

Bekeer... Draai terug… Herlewing…
Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar. Laat toe dat hierdie woorde jou hart oortuig en wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

Matteus 18:21-35; 2 Korintiërs 2:9-11; Matteus 24:10-12; Markus 11:25-26; Johannes 6:66-68; Hebreërs 12:14-15

Persoonlik: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees geweldig eerlik met jouself.

Is jy onwillig om enigiemand wat jou seergemaak het te vergewe? Neem jy aanstoot teen mense om jou? Het jy aanstoot geneem teenoor God omdat daar dinge is wat nie uitgewerk het soos jy gehoop of gebid het nie? Buig nederig voor die Here en kies om elke persoon of groep wat teen jou gesondig het te vergewe. Spreek vergifnis uit teenoor hulle, en gee hulle en die hele saak vir God

om verder te hanteer soos hy goeddink. Vra God om jou te vergewe vir jou onwilligheid om ander vry te spreek en smeek Hom vir sy reiniging en genesing in die Naam van Jesus. Ontvang sy vergifnis en vrede. Seën die mense en groepe wat jy voorheen nie wou vergewe nie.

Liggaam van Christus: Lees weer die bogenoemde Skrifgedeeltes en identifiseer met die Liggaam van Christus. Laat die Heilige Gees jou wys waar die Kerk nie volgens Bybelse standaarde vergifnis en aanstoot hanteer nie. Bely die sonde van onvergewensgesindheid en haat in die Kerk. Smeek God om genade en vra dat Hy alle bitterheid uit ons as Kerk sal verwyder.

Landswyd: Lees weer bogenoemde Skrifgedeeltes en neem tyd om namens ons land in die bres te tree. Hoeveel mense in ons land sukkel om mense wat hulle skade aangedoen het, te vergewe? Bely hierdie onvergewensgesindheid, haat en wraak begeertes. Bid dat God genesing sal gee in die harte van so baie mense, sodat daar nie verdere onreg gepleeg sal word nie.

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *Psalm 71:14 Ek, ek sal gedurigdeur bly hoop, ek sal U altyd weer loof.*
- **Genesing**: *Deuteronomium 7:15 Die Here sal elke soort siekte van jou af weghou. Nie een van Egipte se dodelike siektes wat jy maar alte goed ken, sal Hy jou laat tref nie. Hy sal dit jou vyande laat tref.*
- **Herstel**: *Job 42:10 Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het.*

DAG 5. 23 September 2020.

Bekering van seksuele losbandigheid, perversie en onreinheid

1 Korintiërs 6:18 *Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam..*

Seksuele losbandigheid sluit alle vorme van seksuele sondes in soos prostitusie, seks buite die huwelik, egbreuk, homoseksualiteit, pedofilie, pornografie, fantaseer oor seks, ens. Hierdie "pandemie" oorheers die wêreld en die Kerk. Statistieke op www.covenanteyes.com wys dat ongeveer 64 % Christen mans en 15 % Christen vroue erken dat hulle ten minste een keer per maand na pornografie kyk. Seksuele losbandigheid in 'n samelewing versterk ook ander euwels, byvoorbeeld mense-handel, aborsie en kinderpornografie.

Bekeer... Draai terug… Herlewing…
Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Skrifgedeeltes:
Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar. Laat toe dat hierdie woorde jou hart oortuig en wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

1Korintiërs 6:18; Efesiërs 5:3; Hebreërs 13:4; 1Thessalonians 4:3-5; Matteus 5:28; 1 Johannes 1:9.

Persoonlik: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees geweldig eerlik met jouself.

Die Bybel sê dié wat hulself oordeel, sal nie geoordeel word nie (*1 Kor.11:31*). Wanneer jy vandag na die troon van genade toe kom (*Heb.4:16*), vra dat die Here jou sal vrymaak van elke vorm van seksuele sonde in jou lewe. Wees baie eerlik met jouself en met God. Bely baie spesifiek en baie eerlik alle vorme van seksuele losbandigheid waarin jy persoonlik betrokke was (of dit met jou liggaam was of slegs in jou hart en gedagtes). Gee jou liggaam en hele menswees as 'n lewende offer aan God, en die lede van jou liggaam om deur God gebruik te word as werktuie van geregtigheid (*Rom.6:13*).

Liggaam van Christus: Lees weer die bogenoemde Skrifgedeeltes en identifiseer in gebed met die Liggaam van Christus. Bely dat ons as Kerk in Suid-Afrika die gemeenskaplike "tempel" en woonplek van die Here besoedel het met seksuele losbandigheid en perversie. Kom ons vra die here vir sy "Doping met Vuur" wat ons sal skoonmaak en reinig van hierdie vestings (*Matt.3:11-12*). Vra dat Hy, soos 'n Smelter van Silwer, ons as sy koninklike priesterdom sal heilig (*Mal.3:3*). Seksuele losbandigheid is een van die sondes wat die Kerk diskwalifiseer om gesag en invloed oor die nasies te hê (*Open 2:20-26*). Bid daarom dat God die Gees van Bekering oor die Kerk in Suid-Afrika sal uitstort en ons sal leer om oorwinnend oor die sonde van seksuele wellus te wandel.

Landswyd: Lees weer bogenoemde Skrifgedeeltes en neem tyd om namens ons land in die bres te staan. Bely voor God dat ons as 'n land skuldig is aan seksuele losbandigheid deur wette uit te vaardig wat sonde wettig maak. Erken dat ons oordeel verdien, maar dat ons begeer dat God ons genadig en barmhartig sal wees, sodat ons kan wegdraai van ons verkeerde weë. Bid dat die Here Suid-Afrika sal oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Vra vir 'n herlewing wat vir ons 'n reguit

pad sal aandui in ‘n krom en verdraaide generasie.

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *Psalm 78:6-7 sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word, dit weer aan húlle kinders kan vertel. [7] So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het*
- **Genesing**: *Psalm 146:8 die Here laat blindes sien, Hy ondersteun dié wat bedruk is. Die Here het die regverdiges lief.*
- **Herstel:** *Jeremia.29:12-14 Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. [13] Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. [14] Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het.*

DAG 6. 24 September 2020.

Bekering van afgodsdiens, toordery, wêreldse gesindheid

1 Korintiërs 10:14 *Daarom, my geliefdes, moet niks met die afgodsdiens te doen hê nie.*

Afgodsdiens kan baie vorme in ons lewens aanneem (*Lev.26:1*). 'n Afgod is enigiets wat ons meer koester en waardeer as Jesus. Liefde vir die dinge van die wêreld gaan hand-aan-hand met afgodsdiens omdat die dinge van die wêreld so dikwels afgode word in ons harte. Ons het afgode van Mag (smagting vir posisie, sukses en beheer), afgode van Aanvaarding (verwag dat mense ons diepste behoeftes sal ontmoet, terwyl dit slegs God self is wat dit kan vervul), afgode van Sekuriteit (waar ons ons hoop en vertroue stel in aardse dinge om ons te beskerm en voorsien) en afgode van Gemaksug (waar ons uitermate liefde het vir plesier, gemak, aardse besittings en geld, ens.). Afgodsdiens sluit in valse godsdienste, die aanbidding van valse gode, asook die eerbiediging van die dooies.

Bekeer... Draai terug… Herlewing…
Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Skrifgedeeltes:
Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar. Laat toe dat hierdie woorde jou hart oortuig en wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

1 Korintiërs 10:14; Exodus 20:1-8; Esegiël 14:1-5; 1Johannes 5:21; Jakobus 4:4; Jakobus 1:27; 1Johannes 2:15; Psalm 16:4; Psalm 135:15-18; Openbaring 9:20; 1 Samuel 15:23; 1 Korintiërs 10:7; Romeine 1:23.

Persoonlik: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees geweldig eerlik met jouself.

God stel Homself aan Israel voor as 'n Jaloerse God. Vir Hom is afgodsdiens geestelike egbreuk. Hy wil ons nie deel met ander minnaars (die wêreld en sy valse gode) nie. Vra die Gees van Waarheid om die lig van die Woord van God in jou hart te skyn om enige vorme van versteekte afgodery in jou lewe te ontbloot. Vra jouself: "Watter rol speel mag, aanvaarding, sekuriteit en gemak in my lewe? Heg ek meer waarde daaraan as aan Jesus en Sy Wil?" Laat toe dat die Heilige Gees jou wys en vra dat Hy vir jou goddelike berou wat tot bekering lei, sal gee, sodat jy verander en vernuwe mag word na Sy beeld. Bely en draai weg van die dinge wat Hy jou wys. Bid vir persoonlike herlewing. Bid dat Jesus jou sal help om na jou "Eerste Liefde" terug te keer. (Openbaring 2:4).

Liggaam van Christus: Lees weer die bogenoemde Skrifgedeeltes en identifiseer in gebed met die Liggaam van Christus. Bid vir herlewing van God se lewende en kragtige Woord in ons midde en in die Kerk as geheel. Bid dat die Woord soos 'n swaard sal wees wat ons ondersoek, oordeel, sif en analiseer, sodat ons oortuig sal word van sonde en onsself kan reinig van alle afgodery. Bid dat ons as die Kerk van Jesus, onsself nie sal besoedel met afgode nie, en nie die wêreld of enige iets in die wêreld sal liefhê nie. Bid dat die Kerk in Suid-Afrika sal sien hoe ver ons van God afvallig geword het, en dat ons sal terugkeer na ons eerste liefde. Bid dat ons sal besef dat ons nie getuies vir Christus kan wees as ons net soos die wêreld lyk, praat en optree nie.

Landswyd: Lees weer die Skrifgedeeltes en neem tyd om in die bres te tree namens ons land. Vra

die Heilige Gees om jou te wys watter afgodery wat op nasionale vlak bedryf word, Hom bedroef. As Hy met jou praat, bely al die sondes spesifiek omdat jy ‘n landsburger is en met die hele land identifiseer in gebed. Bid dat ons as ‘n land sal besef dat afgodery baie smart veroorsaak (*Psalm 16:4*).

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *Psalm 33:2 Loof die Here met die lier, speel vir Hom op die harp!*
- **Genesing**: *Matteus 8:5-7 Nadat Jesus in Kapernaum aangekom het, het 'n offisier by Hom hulp kom vra [6] en gesê: "Here, my slaaf lê by my huis verlam en verduur baie pyn." [7] En Jesus antwoord hom: "Ek sal hom kom gesond maak."*
- ***Herstel: Deuteronomium 30:6-10*** *Die Here jou God sal jou lewe en die lewe van jou nageslag aan Hom wy, sodat jy Hom sal liefhê met hart en siel. Dan sal jy lewe, [7] en die Here jou God sal al hierdie strawwe laat neerkom op jou vyande en op jou haters wat jou agtervolg. [8] Dan sal jy terugkom na die Here en Hom gehoorsaam en volgens al sy gebooie lewe wat ek jou vandag beveel. [9] Die Here jou God sal jou dan voorspoedig maak in alles wat jy aanpak en Hy sal jou kinders, die aanteel van jou vee en die opbrengs van jou land baie maak, sodat dit met jou goed sal gaan. Wanneer jy die Here jou God gehoorsaam en sy gebooie en voorskrifte nakom wat opgeteken is in hierdie wetboek, en [10] wanneer jy met hart en siel terugkom na die Here jou God, sal Hy Hom weer oor jou verbly soos Hy Hom oor jou voorvaders verbly het en sal dit met jou goed gaan.*

DAG 7. 25 September 2020.

Bekering van liefdeloosheid, onwilligheid om te dien; selfsug en gemaksug

1 Johannes 3:14-20 *Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood. [15] Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie. [16] Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. [17] Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees? [18] Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid. [19] Hierdeur kan ons ook te wete kom dat ons aan die ware God behoort en kan ons ons gewete voor Hom tot rus bring. [20] As ons gewete ons veroordeel – God is groter as ons gewete, en Hy weet alles.*

Liefde is Christus se standaard en bouplan van sy koninkryk. Hy het Sy Lewe vir ons neergelê. Ons kan God slegs gehoorsaam wanneer ons ook opofferend lewe, ander na Christus bring, en hulle dien in nederigheid en op praktiese lewegewende maniere. As ons dit doen vir die geringstes onder ons, dan doen ons dit ook vir God. Dit is tyd om ons selfsugtige lewens neer te lê en liefdevol te belê in mense rondom ons.

Bekeer... Draai terug… Herlewing…
Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Skrifgedeeltes:
Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar. Laat toe dat hierdie woorde jou hart oortuig en wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

1 Johannes 3:14-20; Matteus 25:34-40; Lukas 6:27-35; Johannes 13:34-35; 1 Petrus 1:22; 1 Korintiërs 13:1-7; Filippense 2:3-7.

Persoonlik: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees geweldig eerlik met jouself.

Is jy op enige manier betrokke om mense te help in jou woonbuurt of gemeenskap? Wanneer laas het jy geld spandeer, tyd opgeoffer en moeite gedoen om te help uitreik na ongeredde mense of diegene in nood? Vra God om jou te vergewe dat jy in soveel opsigte selfsugtig lewe. Vra dat Hy jou help om jou gedrag te verander en jou hart sal vul met liefde en deernis vir ander. Neem ‘n besluit om doelbewus te belê in die lewens van ander. Beplan om geld, tyd en energie te belê in iemand anders as ‘n uitdrukking van die liefde van Jesus Christus.

Liggaam van Christus: Lees weer die bogenoemde Skrifgedeeltes en identifiseer in gebed met die Liggaam van Christus. Het die Kerk nagelaat of gefaal in sy verantwoordelikheid om gemeenskappe en behoeftiges op te hef? Het ons ons eie koninkryke gebou en verkies om gemaksugtig te lewe? Is ons bloot godsdienstig sonder enige liefde vir die ongereddes, die armes, die vreemdelinge en die behoeftiges? Vra God om vergifnis dat ons nie Sy hart verteenwoordig in ‘n wêreld wat so behoeftig is nie, en dat ons nie onselfsugtig en met liefde aan sy koninkryk bou nie.

Landswyd: Lees weer die Skrifgedeeltes en neem tyd om in die bres te tree namens ons land. Ons lewe in ‘n wêreld waar mense selfsugtige eise stel oor wat hulle wil hê met ‘n gees van selfsug en

eiegeregtigheid. Ons blameer andere terwyl ons self nie gewillig is om die nodige verandering te bring en verantwoordelikheid te neem vir ons medeburgers nie. Vra dat God ons as Suid-Afrikaners sal vergewe dat ons ons harte en beursies toemaak teenoor diegene met wie ons in aanraking kom. Bid dat God die harte van mense in ons land sal verander sodat ons gewillig sal wees om van ons inkomste te belê in ander se nood en uitdagings. Bid dat 'n beweging van God se liefde oor hierdie land sal spoel.

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *2Korintiërs 4:8-9 In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; [9] ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie.*
- **Genesing**: *Jesaja 38:20 Here, U het my gered. Ons sal op ons liere speel al die dae van ons lewe, in die huis van die Here.*
- **Herstel**: *Hosea 6:2-3 Hy sal ons na twee dae 'n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee sodat ons in sy teenwoordigheid kan leef. [3] Kom ons wy ons aan Hom toe, kom ons streef daarna om ons aan die Here toe te wy. Die Here sal verskyn, so seker as die son opkom, Hy sal na ons toe kom soos stortreën, Hy sal ons verkwik soos lentereëns die grond verkwik."*

DAG 8. 26 September 2020.

NATIONAL DAY OF PRAYER AND REPENTANCE
JOIN BELIEVERS ACROSS SOUTH AFRICA FOR 90 INTENSE MINUTES OF PRAYER WITH PASTORS AND LEADERS FROM ACROSS SOUTH AFRICA 3 – 4.30PM (GMT +2)
WATCH THE LIVESTREAM ON YOUTUBE OR FACEBOOK LIVE MORE INFO AT
WWW.THERETURNSA.ORG

……

Bekering van woorde wat doodmaak, skinder, kritiek, vervloeking en vooroordeel. Bekering van woede, geweld en bloedvergieting.

Handelinge 17:26-27*. Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon. [27] God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie,*

Rassisme se wortels is vrees en trots. Hierdie gesindheid kom vanuit die geloof dat ons beter as ander is weens ons velkleur, of wanneer ons dié wat anders as ons is, vrees. Rassisme is vooroordeel, diskriminasie of antagonisme teenoor mense of bevolkingsgroepe gebaseer op hul deel wees van 'n spesifieke ras of etniese groep. Tog het God alle nasies, rasse en bevolkingsgroepe uit een mens gemaak, in Sy beeld. Rassisme verblind ons dat ons nie die beeld van God in ander bevolkingsgroepe kan sien nie, en ook nie hulle uniekheid en genadegawes kan waardeer nie.

Bekeer... Draai terug… Herlewing…
Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Skrifgedeeltes:
Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar. Laat toe dat hierdie woorde jou hart oortuig en wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

Handelinge 17:26-27; Spreuke 18:21; Galasiërs 5:15; Efesiërs 4:26; 1 Petrus 3:9; Esegiël 7:22-23.

Persoonlike: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees geweldig eerlik met jouself.

Vra die Here om jou te wys of daar enige wortel van rassisme in jou hart is en wat jou perspektief en gevoelens beïnvloed teenoor mense van ander rasse en velkleur. Het jy woorde gebruik om mense te vernietig, af te kraak en te vervloek? Vra jouself: "Het ek 'n kritiese gees/gesindheid?" Buig voor die Here en bely en bekeer jouself van hierdie verkeerde gesindhede en draai terug na Hom en sy weë.

Liggaam van Christus: Identifiseer met die Liggaam van Christus in gebed. Vra die Here om jou te laat voel hoe Hy voel oor rassisme in sy Kerk. Laat Hom toe om jou persoonlik te oortuig daarvan dat ALMAL van ons by geleentheid ander mense "gebyt" het met ons negatiewe woorde, skinder en laster. Bely dit namens die Liggaam van Christus en vra Hom vir herlewing en vir 'n gees van eenheid in die Kerk van Christus, beide as individue en korporatief.

Landswyd: Lees weer bogenoemde Skrifgedeeltes en neem tyd om namens ons land in die bres te staan. Neem tyd om eerlik daaroor te besin oor die geweldige vernietiging wat rassisme in ons land gebring het, en die Kerk verhinder het om Afrika te begelei na geregtigheid, waarheid en versoening. Neem tyd om die uniekheid van baie rasse, tale en bevolkingsgroepe in ons land te waardeer. Dank die Here ook vir die unieke eienskappe van ander nasies en bevolkingsgroepe regoor die wêreld. Bid vir herlewing en versoening om ver en wyd oor ons land te versprei.

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *Hebreërs 6:18-19 Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, 'n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is. [19] Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is.,*
- **Genesing**: *2 Kronieke 7:14 en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.*
- **Herstel**: *Sagaria 14:11 Daar sal mense woon, en die stad sal nie weer verwoes word nie. Jerusalem sal 'n veilige woonplek wees.*

DAG 9. 27 September 2020.

Bekering van leuens, diefstal, bedrog en onreg

Levitikus 19:11 *Julle mag nie steel nie en julle mag nie lieg of mekaar bedrieg nie.*

Leuens, diefstal en bedrog is alles karaktereienskappe van Satan. God is die teenoorgestelde hiervan. Hy neem die onreg wat teenoor die armes, die swakkes en die behoeftiges gedoen word baie ernstig op.

Bekeer... Draai terug… Herlewing…
Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Skrifgedeeltes:
Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar. Laat toe dat hierdie woorde jou hart oortuig en wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

Leviticus.19:11; Johannes 10:10; Johannes 8:44; Levitikus 19:11&13; Maléagi 3:8-9; Spreuke 10:2; Spreuke 11:1; Spreuke 12:22; Sagaria 5:3-4; Romeine 13:7; Isaiah 10:1-3; Psalm 101:7; Openbaring 21:8

Persoonlik: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees geweldig eerlik met jouself.

Vertel jy leuens? Wit leuens, halwe waarhede, klein leuentjies en groot leuens is alles dieselfde voor God. Leuens is leuens. Lieg vir mense, lieg vir jouself, lieg vir vriende, lieg vir jou familie en lieg by die werk. Neem tyd dat die Heilige Gees jou hart en optrede kan ondersoek. Het jy enigsins kompromieë aangegaan in jou lewe deur leuens? Steel jy, selfs al is dit net ‘n klein bietjie? Vat jy toerusting by die werk sonder toestemming? Besteel jy God deur nie jou tiendes, offergawes en dankoffers te gee nie? Is jy betrokke by onreg teenoor jou naaste? Vra jy buitensporige huur vir jou arm huurders? Betaal jy belasting? Dit is baie keer hierdie “grys areas” in ons lewens wat vir God betekenisvol is omdat Hy integriteit en eerlikheid baie hoog aanslaan. Bely alles wat die Heilige Gees aan jou uitwys en bekeer jou dan daarvan.

Liggaam van Christus: Lees die bogenoemde Skrifgedeeltes weer en identifiseer in gebed met die Liggaam van Christus. Psalm 101:7 sê dat bedrieërs nie in God se huis sal diens doen nie en dat leuenaars nie voor Hom kan staan nie. Bid dat God ons as Kerk sal vergewe vir al ons leuens en diefstal, ons misleiding en betrokkenheid by onreg. Bid dat God se Gees sonde oortuiging sal bring sodat ons kan wegdraai van al hierdie dinge wat ‘n vloek op ons bring. Bid dat ons “in waarheid” voor Hom sal kom, en ‘n vreugde vir Hom sal wees. (Spreuke 12:22). Bid dat ons gevestig sal word in waarheid (Spreuke 12:19).

Landswyd: Lees weer bogenoemde Skrifgedeeltes en neem tyd om namens ons land in die bres te tree. God hanteer ons nie net as individue nie, maar ook as nasies. Neem tyd om voor die Here te kom namens ons land. Bely teenoor Hom dat leuens, diefstal, bedrieëry en onreg ons land, elke deel van ons samelewing en ons regering gevul het. Smeek Hom om genade dat ons nie sal voortgaan om hierdie dade te pleeg nie. Bid volgens Jesaja 10:1-3 vir die teenoorgestelde wat hier genoem word. Bid vir regverdige beleid en billike regulasies. Bid dat die armes billike behandeling sal ontvang en dat die plundering en onderdrukking van die minder bevoorregtes, en elke ander persoon in ons

land, sal stop. Bid vir ‘n herlewing van geregtigheid in ons land en dat waarheid, eerlikheid, integriteit en reg sal seëvier regoor die land.

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *2 Timoteus 1:7 2 Timothy 1:7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.*
- **Genesing**: *Psalm 41:4 Psalms 41:4 Die Here sal hom bystaan in sy siekte. As hy siek is, sal U hom genees.*
- **Herstel**: *Spreuke 6:30-31 'n Dief word verag as hy steel, ook al steel hy om sy honger te stil, [31] en as hy uitgevind word, moet hy sewevoudig teruggee, selfs al kos dit hom alles wat hy besit.*

DAG 10. 28 September 2020.

Bekering: Dat ons onsself nie toelê op heiligmaking nie

1 Petrus 1:13-18 *Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus. [14] As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. [15] Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. [16] Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig." [17] Aangesien julle Hom as Vader aanroep wat oor elke mens onpartydig volgens sy dade oordeel, lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld. [18] Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie.*

Jesus het nie op die kruis gesterf net sodat ons hemel toe kan gaan nie. Hy het ook ‘n weg gemaak dat ons herstel kan word. Hy roep ons om soos Hy te wees; om Hom te verteenwoordig hier op aarde. Om heilig te word soos wat Hy heilig is. Ons moet die lig van die wêreld wees, die sout van die aarde, die geregtigheid van God in Christus Jesus. Slegs dan sal die krag van die Koninkryk ten volle sigbaar word in ‘n gevalle wêreld. Hy het ons die Heilige Gees gegee en alles wat nodig is om ‘n vrugbare lewe te lei wat God verheerlik. Dit is tyd dat ons onsself toewy aan hierdie proses van heiligmaking, en beheer oorgee aan sy Koningskap in elke aspek van ons lewens.

Bekeer... Draai terug… Herlewing…
Ons bid in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, en met die hulp en oortuiging van die Heilige Gees, ons Helper.

Skrifgedeeltes:
Lees die volgende Skrifgedeeltes en vra die Heilige Gees om God se wil te openbaar. Laat toe dat hierdie woorde jou hart oortuig en wees gereed om in gebed te reageer! Moenie haastig wees nie.

1 Petrus 1:13-18; Hebreërs 12:10-14; 1 Tessalonika 4:7-8; Romeine 12:1-2; Efesiërs 4:20-24; 2 Korintiërs 7:1.

Persoonlik: Neem tyd om die Skrifgedeeltes te oordink. Vra die Heilige Gees om jou te oortuig van sonde en vir jou jou eie hart te wys. Wees geweldig eerlik met jouself.

Dien jy God net sodat Hy dinge vir jou kan doen, of vir die voordele wat jy van Hom kan ontvang? Neem jy toe in geregtigheid en in jou vermoë om meer soos Jesus te wees? Is daar enige doelbewuste belegging van jou kant om meer toegewyd aan God en heilig te lewe? Vra God om jou te vergewe dat jy nie hierdie belangrike proses ‘n prioriteit in jou lewe gemaak het nie. Bely dat jy dit nie intens begeer om te verander nie en nooi die Heilige Gees om jou te lei in ‘n proses van heiligmaking in jou eie lewe. Neem ‘n besluit om jouself daaraan toe te wy om te groei in dieper heiligmaking, o.a. bestudering van die Skrif, verbintenis tot dissipelskap, verantwoordbaarheid teenoor ander.

Liggaam van Christus: Lees weer die bogenoemde Skrifgedeeltes en identifiseer in gebed met die Liggaam van Christus. Fokus die bediening van die Kerk daarop om gelowiges die waarheid oor heiligmaking te leer? In watter prioriteite belê die Kerk? Lei ons geestelike leiers heilige lewens? Vra God om die Kerk te vergewe vir die bevordering van die welvaart evangelie, gemak en motiveringstoesprake, terwyl die belangrike Bybelse riglyne van sterf aan self, vervulling met die

Heilige Gees en heiligmaking agterweë gelaat word. Bid dat die Kerk sal terugkeer na die krag van die Heilige Gees om die Koninkryk van God te bou.

Landswyd: Lees weer bogenoemde Skrifgedeeltes en neem tyd om namens ons land in die bres te tree. Is daar enige sigbare teken dat die beginsels van geregtigheid en heiligmaking in ons gemeenskappe bevorder word? Vra God om ons land te vergewe dat ons weggedwaal het van God se lewenstandaarde. Bid vir reiniging en ‘n goddelike beweging van die Heilige Gees om ons land tot bekering en heiligmaking te bring.

Bid vir die genesing van ons land

- **Hoop**: *Joel 3:16 Die Here sal uit Sion brul, Hy sal sy stem uit Jerusalem laat hoor, en hemel en aarde sal bewe. Die Here is 'n toevlug vir sy volk, 'n veilige vesting vir die Israeliete.*
- **Genesing**: *Isaiah 19:22 Die Here sal die Egiptenaars straf, Hy sal straf en genees. Hulle sal hulle tot die Here bekeer, en Hy sal hulle goedgesind wees en hulle genees.*
- **Herstel:** ***Hosea 14:4-7****Ons sal ons nie meer op wapens verlaat nie. Ons sal ook nie meer vir ons eie handewerk sê: 'Ons god' nie. By U alleen is daar liefde vir 'n weeskind." [5] Ek sal hulle ontrou genees. Ek sal hulle van harte liefhê. Wanneer my toorn van hom afgewend is, [6] sal Ek vir Israel wees soos die dou. Hy sal bloei soos 'n lelie en hy sal so vas staan soos die Libanon. [7] Hy sal geil groei. Hy sal so sterk wees soos 'n olyfboom en hy sal ruik soos die plante van Libanon.*